

Mat 6:13b '53 vertaling

Doksologie – Lofprysing

25 Augustus 2020

**Want aan U behoort die Koninkryk en die Krag en die Heerlikheid tot in alle ewigheid.
Amen**

Bronne: Buys, PW 1984 Klasdiktaat. Verklaring vd Heid. Kat.. De Bruyn PJ 1994 Jou enigste Troos. Son 50

Mat 6:13b '53 vertaling “... Want aan U behoort **die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.** Amen.”

In die teologiese wêreld het hierdie laaste frase in die laaste ongeveer 30 jaar debatte laat ontstaan. Want **die Doksologie** of **die Lofprysing:** “Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.” is nie ook opgeteken in Luk 11:2-4 waar die Onse Vader weer herhaal word nie. In die 1983 Afrikaanse Vertaling is hierdie doksologie ook uitgesluit. Die vraag is hoekom?

In die eerste plek, het Teoloë, wat intensiewe kenners van die Griekse taal is, gevind dat in die beste manuskripte of oorspronklike gedeeltes van die Bybel, die woorde nie voorkom nie. Maw dit het bloot nie daar gestaan nie, nie in Mat 6 of Luk 11 nie. Daarom is dit uitgelaat.

In die tweede plek, in Mat 6 was Jesus besig om tydens die Bergpredikasia die dissipels te onderrig en te leer. Dit was aan die begin van sy onderrig aan die dissipels. Daar was die gebed nog vollediger maar in Luk 11 was Hy nou al 2 jaar lank besig om hulle te onderrig. Hy was op pad na Jerusalem om gekruisig te word. Hy behandel weer met die dissipels die gebed, en dit gaan oor die sekerheid dat die Vader hulle gebede sal verhoor en dit gaan nie soseer om die lofverheffing nie.

Maar geliefdes, of die lofverheffing nou deel was van die Onse Vader soos wat Jesus Christus dit in Mat 6 aan sy dissipels geleer het of nie, die lofverheffing is in totale harmonie met die res van die Bybel. Dit is 'n immanente toepaslike afsluiting van die gebed om aan God al die lof en die eer toe te bring.

Kom ons kyk net kortliks na wat elke frase beteken:

“Want aan U behoort die Koninkryk...” Die tweede bede was in elk geval, “laat U koninkryk kom.” Hier erken ons God se soewereiniteit as die Koning van die Heelal. God is Koning oor ons lewens en ons harte, oor ons denke. Alles en almal behoort in elk geval aan God en daarom is Hy ons Koning. In **1 Kor 15:25** lees ons: “Daarna kom die einde, wanneer Hy (*Jesus*) die koninkryk/koningskap aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.”

“...en die krag...” As ons hierdie gebed en enige gebed bid, erken en bely ons dat alle krag aan God behoort en van God af kom. Dit is omdat ons ook bely dat God die Skepping onderhou, versorg, elke dag, reën en droogte, alles kom uit sy hand. Niemand sal enige krag of mag hê as God dit nie aan hom gee of hom toelaat nie. Selfs nie die Satan sal enige mag hê as God dit nie toegelaat het nie. Daarom met die wederkoms sal ook Satan se mag weggeneem word en sal hy in die hel gewerp word.

“...en die heerlijkheid...” Aan God alleen kom alle lof en eer en aanbidding toe. Die griekse woord is **“doxa”**. Baie kerke se name is bv. “Doxa Deo” wat beteken die heerlijkheid van God. So word die gebed dan ook afgesluit met die heerlijkheid wat aan God behoort. Maar die gebed sluit nog nie hier af nie. Want....

“tot in ewigheid.” Hierdie verheerliking en lofprijsing stop nie na die gebed nie, maar dit gaan tot in ewigheid. Ewigheid is ‘n begrip wat ons nie eers verstaan nie. Ewigheid is vir ons onverstaanbaar. Maar hierdie doksologie dui op die erns, die volmaaktheid en die ewigheid wat ons glo en vertrou dat God ons Vader is wat altyd, tot in die hiernamaals vir ons sal sorg.

En dit word bevestig met die woordjie **Amen**.

Amen beteken, dit is waar en seker. Dit wat ons gebed het, is waar en seker en sal so bly vir ewig en ewig en ewig.

Amen

(ds. Gerrit Kruger. 0829645595)

Mat 6:10-13

“Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
**Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot
in ewigheid.”**

Amen.